Q&A

*Toldot*

# MIDRASH VRAE

www.houtkruis.co.za

# MIDRASH VRAE

## DIE GEDEELTES WAT ONS SAAM BESTUDEER IS:

**Torah:** Gen. 25:19 – Gen. 28:9
**Haftarah:** Mal. 1:1- Mal. 2:7
**B'rit Hadashah:** Rom. 9:1-28; Heb. 11:20; Heb. 12:14-17; Mat. 10:21-38

1. Die Woord sê Isak het Abba Vader gesmeek vir 'n kind. Wat beteken die Hebreeuse woordjie "gesmeek"?
2. Rivkah roep Abba Vader aan te midde van 'n moeilike swangerskap. Sy het egter in 'n heidense kultuur grootgeword. Waar sou sy die kennis of geloof gekry het om haar hart so in gebed voor Hom uit te stort?
3. Wat was die kern van Rivkah se pleit by Abba Vader, en op watter wyse het Hy Sy wil aan haar bekend gemaak?
4. Noem die Hebreeuse name van die tweeling, verduidelik die betekenis van elke naam, en beskryf hul onderskeidende kenmerke.
5. Wat het Esau verhandel, wat was die ruilmiddel, en wat leer hierdie transaksie ons oor die verskil tussen aardse en geestelike waardes soos gesien by Esau en Jakob?
6. Waarom het Abba Vader vir Isak beveel om nie Egipte toe te gaan soos Abraham gedoen het nie?
7. Wat kan ons leer uit Isak se optrede in Genesis 26:6-11 dat hy bid, maar tog bang is en lieg oor Rebekka?
8. Watter Hebreeuse woord word in Genesis 26:15 vir "grond" gebruik, en wat beteken dit letterlik en geestelik?
9. In Genesis 26:18 gee Isak aan die putte dieselfde name as sy vader Abraham. Watter Hebreeuse woord word hier vir "genoem" gebruik, wat beteken dit letterlik, en watter les kan ons daaruit trek?

10. Hoekom het Isak die putte van sy pa Abraham oopgegrawe en nie net nuwe putte gegrawe nie?

11. Waar was die eerste put wat Isak oopgrawe, wat gebeur daar, en wat sê Abba Vader vir Isak om te doen?

12. Waar was die tweede put wat Isak oopgrawe, wat gebeur daar, en wat sê Abba Vader vir Isak om te doen?

13. Waar was die derde put wat Isak oopgrawe, wat gebeur daar, en wat sê Abba Vader vir Isak om te doen?

14. Hoekom het Isak opgetrek na Berséba, wat is die Hebreeuse betekenis of prentjie daaragter, en wat doen Isak toe daar?

15. In Genesis 27, wat was die belangrikheid van die seën wat Isak aan Esau wou gee? Hoekom het Rivkah so haastig 'n plan gemaak om Jakob die seën te laat ontvang, en wat was die inhoud van die seën?

16. Oor watter soort "vloek" was Jakob bekommerd? Wat is die Hebreeuse woord en watter Hebreeuse prentjie skets dit?

17. Hoekom dink jy was Rivkah so vasbeslote dat Jakob, die jongste van die tweeling, Yitzchak se seën (b'racha) moes ontvang?

18. Waarom het Yitzchak, toe hy die waarheid oor Jakob se bedrog ontdek het, nie die seën teruggetrek en aan Esau gegee nie?

19. Esau se reaksie op die ontvangs van 'n ondergeskikte seën was allesbehalwe respek vir Abba Vader se wil. Watter gesindheid het Esau gehad, wat het hy beplan om te doen, en wanneer was hy van plan om sy plan uit te voer?

20. In Maleagi 1:2-3 sê Abba Vader: "Tog het Ek Jakob liefgehad, maar Esau het Ek gehaat ...." As Abba Vader liefde is, hoe kan Hy vir Esau haat, of wat beteken hierdie vers regtig?